# Lesing 04.05.2018 - Dit sal wees soos die dae van Noag—Deel 1

Gen 7:11 In die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, (3 Mei 2018?) op dieselfde dag, is al die Fonteine van die groot Afgrond oopgebreek, en die sluise van die Hemele is geopen

Gen 7:12 en die stortreën was op die Aarde veertig dae en veertig nagte.

Gen 7:13 Op daardie selfde dag het Noag en Sem en Gam en Jafet, die seuns van Noag, sowel as die vrou van Noag en die drie vroue van sy seuns saam met hulle in die Ark gegaan.

Gen 7:18 En die waters het die oorhand gekry en grootliks vermeerder op die Aarde, terwyl die Ark op die waters drywe.

Gen 7:19 En die waters het heeltemal die oorhand gekry op die Aarde, sodat al die hoë berge onder die ganse Hemele bedek was.

Gen 7:20 Vyftien voorarm bokant hulle het die waters die oorhand gekry, sodat die berge bedek was.

Gen 7:21 En alle vlees wat op die Aarde beweeg, het weggesterwe: die voëls en die vee en die wilde diere en al die gediertes wat op die Aarde wemel, en al die adamiete.

Gen 7:22 Alles wat die gees van lewe in sy neusgate gehad het, alles wat op die droë Aarde was, het doodgegaan.

Gen 7:23 So is dan al die lewende wesens verdelg wat op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] was, die adamiet sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die Hemele; hulle is verdelg van die Aarde af. En net Noag het oorgebly en wat by hom in die Ark was.

Gen 7:24 En die waters het die oorhand behou op die Aarde - honderd-en-vyftig dae.

Gen 8:1 EN Elohim het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die Ark was; en Elohim het die Gees oor die Aarde laat beweeg, sodat die waters gesak het.

Gen 8:2 Ook die Fonteine van die Afgrond en die sluise van die Hemele het toegegaan, en die stortreën uit die Hemele het opgehou.

Gen 8:3 Toe het die waters geleidelik van die Aarde teruggegaan, en die waters het afgeneem aan die end van honderd-en-vyftig dae. (4 Oktober 2018?)

Gen 8:4 En die Ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Ararat gerus.

Rev 9:1 EN toe die vyfde Boodskapper blaas, sien ek 'n Ster wat uit die Hemele op die Aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die Afgrond gegee. [Openbaring van Henog 13:33; 2 Ezra 15:39]

Rev 9:2 En hy het die put van die Afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.[Openbaring van Henog 22:11]

Rev 9:3 En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die Aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die Aarde mag het. [JeshaJaH 13:5]

Rev 9:4 En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die Aarde of enige groenigheid of enige Boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die Seël van Elohim nie op hulle voorhoofde het nie. [Openbaring van Henog 11:41; JeshaJaH 40:7; ]

Rev 9:5 En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n adamiet steek.

Rev 9:6 En in dié dae sal die mense die Dood soek en haar vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die Dood sal vir hulle wegvlug.

Rev 9:7 En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.

Rev 9:8 En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus. [Openbaring van Henog 13:34]

Rev 9:9 En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle Vleuels was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog.

Rev 9:10 En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen.

Rev 9:11 En hulle het as koning oor hulle die boodskapper van die Afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion. [Psalm 88:11 ; Spreuke 15:11 ; Job 26:6]